Boodskap van die week

Ruimtereisigers
Die afgelope tyd het ons gelees dat ons gasvry moet wees, en koue water moet uitdeel, en ook vir mense aangee as ons met iets geseën word. Maar om regtig 'n verskil te maak, moet ek soms grense oorsteek tussen die bekende en die onbekende, en by 'daardie' mense uitkom wat ek dikwels vermy. Want 'hulle' kom dikwels nie in kontak met God se genade en vergifnis nie, omdat die vergifnisdraers veilig in die kerk in hul eie ruimtes bly.

Iemand het 'n teorie uitgewerk vir die ruimtes waarin ons lewe. Volgens die teorie is jou First Space die plek waar jy tuis is, veilig voel, jou huis, jou mense, jou familie, jou kerk. Jou Second space is die plek waar jy elke dag beweeg as jy nie by die huis is nie, soos by jou werk of skool. En dan is daar 'n Third Space waar verskillende mense bymekaar is en netwerk en kuier, of soos iemand dit beskryf: *where people let their "real" selves show*.
Dit is daar waar ons - soos Jesus se voorbeeld - die randfigure bereik vir Jesus.

Paulus het dit reggekry toe hy in Athene, 'n heidense land, die evangelie verkondig:

SUIDER-PAARL GEMEENTE

Hand 17: 32 - 34

32Toe hulle van die opstanding uit die dood hoor, het party hom uitgelag, maar party het gesê: "Ons sal jou weer hieroor wil hoor."
33So het Paulus van hulle af weggegaan. 34'n Paar mense het egter gelowig geword en by hom aangesluit. Onder hulle was daar Dionisius, 'n lid van die Areopagus, en 'n vrou met die naam Damaris en nog ander saam met hulle.

Vrae om oor na te dink:

1. Wat dink jy het in Paulus se gemoed omgegaan terwyl hy in Athene die Evangelie verkondig het? (Kyk gerus in vers 16)
2. Wat dink jy van Paulus se metodiek om by sy First Space te begin (sinagoge), en toe by sy Second Space (stadsplein) en daarna na sy Third Space (tussen ongelowiges)?
3. Wat wil hierdie gedeelte vir ons as gemeente sê?
4. Wat is ons Third Space in die Paarl?

Uitgedaag…
Hierdie teksgedeelte daag ons uit om getrou te wees aan Handelinge 1: 8: "Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en in Samaria en tot in die uithoeke van die wêreld."
Wat is jou uitdaging?

Gebed: Vra dat die Here jou die vrymoedigheid en wysheid sal gee om 'n ruimtereisiger te wees - altyd!

Wees Anders...
...Want Jesus is Anders...